Waterkloof-drie wend 'n 'laaste desperate poging' aan

Philip de Bruin

Deur hul regspan se versuim om enige grondwetlike kwessie van watter aard ook al in hul aansoek om appèl in die appèlhof te opper, "blyk dit nou dat die drie lede (van die Waterkloof-vier) 'n laaste, desperate poging aanwend om aan hul skuldigbevinding (aan moord) te ontsnap".

So sê adv. Johan Kruger van die nasionale vervolgingsgesag (NVG) in sy verklaring wat gister in die appèlaansoek van Reinach Tiedt, Gert van Schalkwyk en Frikkie du Preez by die konstitusionele hof ingedien is.

Die drie het sedert die appèlhofgeding nie meer dieselfde regspan as hul destydse makker, Christoff Becker, nie en het gevolglik 'n aparte appèlaansoek ingedien wat op ander gronde berus as wat Becker in sy appèlaansoek aanvoer.

Die betoog van die drie is dat hul reg op 'n billike verhoor aangetas is omdat die streekland-dros wat hulle skuldig bevind het, 'n afleiding gemaak het dat die lyk wat in 'n park in Pretoria gekry is, dié was van die persoon wat hulle drie die vorige nag erg aangerand het. Omdat dié afleiding nie ingevolge bestaande regsreëls in verband met getuienis gedoen is nie, is hul grondwetlike reg op 'n regverdige verhoor aangetas, betoog hulle.

Maar Kruger sê al drie het ten volle van hul regte gebruik gemaak om in die hooggeregshof teen hul skuldigbevinding te appelleer en daarna (onsuksesvol) in die appèlhof verlof tot appèl te vra.

"Dit is eers nou, nadat al dié nie-grondwetlike remedies uitgeput is, dat die roete gevolg word van 'n sogenaamde aantasting van hul grondwetlike regte.

"In hierdie saak het die reg reeds sy volle gang gegaan en alle appèlprosesse is (deur die drie) uitgeput. Die drie mans se suggestie dat hul grondwetlike beswaar so belangrik is dat die konstitusionele hof dit behoort te oorweeg, spruit uit bespiegeling en berus nie op enige solide grondslag van die aantasting van 'n grondwetlike reg nie."

Hy sê al die ander howe se bevinding is gegrond op feitebevindings, iets waaroor die konstitusionele hof hom nie uitlaat nie omdat dié hof net oor grondwetlike kwessies beslis. Die drie se poging om die feitebevindings in 'n grondwetlike situasie te omskep "is ietwat vergesog".

Hy vra dat die konstitusionele hof die appèlaansoek verwerp.

■ pdebruir@beeld.com

Mnr. Alfred Wright was sy hande by die Jan Hofmeyr-gemeenskapsaal. Dit is een van die min plekke in Vrededorp, Vrededorp en Jan Hofmeyr met water. Foto: MARIO VAN DE WALL

Jhb-buurte al drie weke sonder water

Inwoners van die woonbuurte Vrededorp, Vrededorp en Jan Hofmeyr sê hulle neem die afgelope drie weke 'n "cowboy-splash" om skoon te bly.

Dit omdat dele van dié woonbuurte glo al drie weke sonder water is.

Dié "splash" behels dat net die nodigste liggaamsdele gewas word.

Inwoners beweer hulle het sedert verlede maand geen water nie en sê Johannesburg Water lig hulle nie in wat die probleem is nie of wanneer watertoevoer herstel sal word nie.

Een watertenk, wat 3 000 *l* water stoor, is na die drie aangrensende woonbuurte gestuur en bedien glo altesame sowat 18 000 mense.

Mnr. Peter Jacobs, 'n plaaslike ANC-leier in Vrededorp, sê probleme het middel verlede maand begin met net vier woonstelblokke, die Jan Hofmeyr-gemeenskapsaal en 'n outehuis wat water het.

Diegene sonder water moet soontoe om water te skep of die watertenk gebruik.

Volgens hom word die watertenk nege-uur in die oggend gebring en dan weer voor ses gehaal. "Die grootste probleem is die toilet. Jy moet water by ander gaan haal om te spoel.

'n Ander inwoner, mnr. Alfred Wright, sê hy het wel gisteroggend 'n bietjie water gehad, maar teen gistermiddag was daar niks.

Sy dogter, wat in Roodepoort bly, het glo al aangebied om water van Roodepoort na Vrededorp te bring en ook dat hulle soontoe kom om te was.

Me. Veronica Magascan, sê sy neem 'n "cowboy-splash" om skoon te bly en was net die nodige dele in 'n wasbak. Die water word dan later in die toilet gegooi om te spoel.

Gister het me. Kathy Seefort, wyksraadlid vir die gebied, haar na die gebied gehaas toe sy hoor *Beeld* is in Vrededorp.

Seefort sê sy is nooit ingelig daar is nie water in die gebied nie en het op pad daarheen me. Ros Greeff, burgemeesterkomiteelid vir infrastruktuur in die Johannesburg-metroraad, gebel en van die probleem vertel.

Mnr. Baldwin Matsimela, woordvoerder van Johannesburg Water, sê daar was wel waterprobleme, maar sê watertoevoer is eergister herstel. Hy sê hy het wel gister gehoor daar is weer probleme en sê tegniese personeel is na die gebied gestuur om te sien wat fout is.

Op vrae hoekom slegs een watertenk drie buurte bedien, het hy gesê agt watertenks is gister na die gebied gestuur.

■Ook die Netcare Garden City-hospitaal in Mayfair moes die afgelope twee dae sonder water klaarkom. Watertoevoer is wel gister herstel. Me. Esmé Abrahams, hoofbestuurder van die hospitaal, sê werk is nie geraak nie en dat die Brixton-brandweer help water verskaf het. Johannesburg Water het ook watertenks beskikbaar gehad. – **Amanda Tongha**

'Becker se verhoor, appèl g'n spel in hof'

Grondwetlike besware sy eie toedoen, sê NVG

Philip de Bruin

'N Strafverhoor en daaropvolgende appèlaansoeke soos dié waarin Christoff Becker, een van die Waterkloof-vier, betrokke is, is geen speletjie wat hom in die howe afspeel nie.

Van die grondwetlike besware wat Becker nou aanteken, is "sy eie toedoen" en herinner 'n mens aan die ou gesegde: "Ek het my ouers vermoor – kry my jammer, want ek is 'n weeskind."

So betoog adv. Johan Kruger, 'n senior advokaat in die nasionale vervolgingsgesag (NVG), in hofstukke wat gister by hoofregter Pius Langa ingedien is.

In sy verklaring beveg Kruger Becker se aansoek om verlof tot appèl in die konstitusionele hof.

In sy aansoek in die konstitusionele hof het Becker agt gronde aangevoer waarom hy geen billike verhoor gehad het nie omdat van sy grondwetlik verskanste regte aangetas is.

Een van dié aantastings, het Becker betoog, was dat bepaalde "notas" wat in die polisiedossier was, nooit aan sy destydse regspan oorhandig is nie.

Kruger sê dat die staat nie nou die skuld kan kry omdat dié notas nooit aan Becker se regspan oorhandig is nie "omdat dit nooit aangevra is deur 'n ervare regspan nie. 'n Strafverhoor en daaropvolgende appèlaansoeke is geen spel nie," betoog Kruger.

Die ervare regspan waarna hy verwys, is adv. Jaap Cilliers SC, en mnr. Oeloff de Meyer, opdraggewende prokureur. Becker het intussen 'n nuwe regspan aangestel.

Kruger sê geen aansoek is deur Becker in die streekhof, die hoogseregshof (op appèl) en die appèlhof ingedien om dié notas aan die verdediging te openbaar nie. Dit word nou die eerste keer in die konstitusionele hof geopper. Boonop is die notas ook nie verklarings van getuies nie en is dit dus "irrelevant" wat betref Becker se billike verhoor.

Dit het in Kruger se verklaring ook bekend geword dat twee seuns, vroeër kennisse van Becker wat vir die staat getuig het, beslis nie "medepligtiges of mede-daders" van die moord op 'n hawelose man in 'n parkie was nie. Daarom was dit nie nodig dat Reinard von Landsberg en Christo Bouwer ingevolge die Strafproseswet as medepligtiges of mede-daders gewaarsku moes word nie. Becker betoog dat dié versuim van die streeklanddros ongrondwetlik was omdat Von Landsberg en Bouwer by gebrek aan die waarskuwing as't ware carte blanche gehad het om oor Becker te getuig "wat hulle wil".

Kruger sê Becker (en sy destydse regspan) se eie toedoen het van die grondwetlike situasies veroorsaak waarop hy nou staatmaak. Dit laat 'n mens dink aan die gesegde: "Ek het my ouers vermoor – voel jammer vir my, want ek is 'n weeskind."

Langa en sy mede-regters sal nou beslis of een of albei die aansoeke om appèl geweier moet word en of hulle mondelinge betoog daaroor wil aanhoor.

■ pdebruir@beeld.com

Motorfiets-ongeluk eis bruidegom 'n maand voor troue

Sonja van Buul

Sasolburg. – Sy troupak hang reg in die kas, maar hy sal dit nooit dra en sien hoe sy bruid hom tegemoet stap nie.

Mnr. Werner Geldenhuys (29) van Vaalpark het gisteroggend op pad werk toe vermoedelik met sy motorfiets uitgeswaai om 'n motor wat voor hom ingedraai het te vermy. Hy het vermoedelik teruggeswaai, wel die motor getref en geval.

Dié erg beseerde elektrisiën van Sasol is inderhaas deur Vaal Emergency Care (VEC)-nooddienste na die Vaalpark-hospitaal geneem, maar is kort ná sy aankoms dood.

"Die pasiënt het veelvuldige, ernstige beserings gehad," het mnr. Marius Venter van VEC-nooddienste gesê.

Geldenhuys se verloofde, mej. Laura Roux (26), 'n onderwyseres by die Hoër Tegniese Skool Sasolburg, was by die hospitaal toe hy dood is.

Hulle het mekaar vier jaar gelede ontmoet en was die afgelope jaar en 'n half verloof. Hulle sou op 11 Oktober trou en al die troureëlings was klaar getref.

Roux, wat deur die polisie vanaf Geldenhuys se selfoon van die ongeluk in kennis gestel is, was gistermiddag nog te geskok om oor haar geliefde se dood te praat.

"Dis 'n stukkende seer. Ek is leeg," het sy hartseer ma, Ria, gesê.

Geldenhuys het 'n nou band met sy suster, Hendriëtte Pieterse, en haar man, Juan, gehad. Ook sy was gister erg geskok.

"My kind was opgewonde oor sy troudag en het self die woorde vir die troukaartjie gekies."

Dié woorde beskryf hoe ware liefde die samekoms van raaisels, geheimenisse en verrassings is, wat veroorsaak dat twee een word.

Volgens sy ma was Geldenhuys 'n opgeruimde, maar stil mens.

"Maar as hy eers vlam gevat het, het almal hulle gekraak," het sy gesê.

"Werner was my 'boetie' en motorfietsry was sy lewe. Hy sou eerder motorfiets ry as wat hy in sy kar sou klim," het mnr. J.J. Brits van Roodepoort, sy beste vriend, gesê.

Volgens mnr. Willie Roux, die bruid se pa, was Geldenhuys 'n vrolike mens.

"Hy het my dogter gelukkig gemaak en so pragtig aangevul," het hy gesê.

'n Saak van strafbare manslag word teen die motorbestuurder ondersoek.

Wyle mnr. Werner Geldenhuys (29) en mej. Laura Roux (26), sy verloofde.

Honeydew-polisie rand hul aan, beweer 4 werkers

Amanda Roestoff

"As jy nié plat lê nie, sal jy plat lê met 'n koeël in jou kop!"

So is 'n hoofkok, sy sjef en twee motorbestuurders van 'n spyseniersfirma in Kya Sand, noordwes van Johannesburg, gisteroggend glo deur lede van die Honeydew-polisiekantoor aan die Wes-Rand toegesnou, toe hulle glo vir rowers aangesien is.

Mnre. Kony Ravele (23), Alpa Sibanyoni (41), Dennis Baloyi (26) en Wilson Talane (45) is omstreeks 04:45 op pad na hul werkplek, op die hoek van Riverweg en Malibongwe-rylaan, in 'n rooi Volkswagen Golf van die pad getrek.

Die polisie was glo op soek na 'n verdagte rooi motorvoertuig en het die mans deurgesoek. Hulle is almal beveel om uit te klim, plat te lê en hul hande bo hul koppe te hou.

"As jy nie plat lê nie, sal jy plat lê met 'n koeël in jou kop!" het die polisie volgens Talane vir hulle geskree.

"Ons het ons uniforms en tot die besigheidskaarte in ons ID's vir hulle gewys, maar hulle wou nie hoor nie!" sê hy.

Terwyl nog lede van die Honeydew-polisiekantoor opgedaag het om met die deursoeking te help is dié vier glo orals teen die kop en lywe met stewels geskop.

Die polisie kon niks fout vind nie en het net op houers in die kattebak afgekom wat in die spyseniersbedryf gebruik word om voedsel te verpak.

Dié werkers eis nou 'n verduideliking van die polisie.

"Hulle het nie eens om verskoning gevra nie; net weggery," sê Baloyi.

Insp. Karen Jacobs, polisiewoordvoerder, het dié vier versoek om verklarings by die Honeydew-polisiekantoor af te lê sodat 'n aanrandingsaak ondersoek kan word.

Mnre. Wilson Talane (links) en Dennis Baloyi (26) beduie hoe polisielede hulle glo gisteroggend in Kya Sand aangerand het. Foto: AMANDA ROESTOFF

Man wat glo vrou skiet, mis hul dogter

Hilda Fourie

Hy het sy dogtertjie laas gesien net nadat hy glo haar ma doodgeskiet het.

Dis nou al meer as drie jaar, het mnr. Richard van Ameron gister in die Pretoriase hoogseregshof getuig.

Die aand nadat hy glo sy verloofde, me. Jana Venter (29), doodgeskiet het, het hy hul dogtertjie Nikita (toe 3) na sy skoonouers se huis geneem.

Nadat hy gearresteer is, het sy skoonfamilie 'n hofbevel teen hom verkry dat hy nie naby Nikita mag kom nie.

Hy mag ook glad nie met haar in verbinding tree nie.

In 'n brief wat Van Ameron aan sy skoonfamilie geskryf het, het hy hulle gesmeek om hom nie voor Nikita sleg te sê nie. Dié brief is eergister as 'n bewysstuk ingehandig.

"Miskien eendag sal sy my kan vergewe vir wat ek gedoen het. Sy verdien nie om te hoor hoe sleg haar pa is nie," lui die brief.

"Ek sal dit wardeer (sic) as sy nie nou al weet dat ek vir Jana doodgemaak het nie; dit sal ek haar eendag wil vertel as sy groot genoeg is om te begryp wat ek gedoen het!

"Op dié stadium is sy nog onskuldig en moenie grootword met haat in haar hart nie."

Nikita is oorspronklik deur die hof in die sorg van Venter se ouers, mnr. Henk en mev. Mavis Venter, geplaas.

Mnr. Venter is einde verlede jaar oorlede.

Sedertdien bly Nikita by Jana se oudste suster, me. Stephanie Kohler.

"Ek wil Nikita verskriklik graag sien," het Van Ameron gister getuig.

"Ek skryf vir Nikita briewe en verjaardagkaartjies wat ek vir die maatskaplike werker gee.

"Ek hoop sy kry dit."

Sakelui trap 450 km vir misdaad-slagoffers

Hulle het R4 miljoen ingesamel om misdaad te bekamp en moet nou 450 km ver fietsry.

Altesame 81 sakelui het gisteroggend by die Victoria-waterval in Zimbabwe met dié tog begin. Hulle sal tot môre deur Zambië, Namibië en Botswana ry om uiteindelik weer by die Victoriawaterval te eindig.

Change a Life Cycle is ten bate van die Mike Thomson Change a Life-trust.

Thomson, 'n voormalige senior bestuurder by Computershare, die maatskappy wat dié inisiatief reël, is verlede September in sy huis in Craighall Park, Johannesburg vermoor. Hy is voor sy vrou en drie jong kinders 14 keer met 'n mes gesteek en twee keer geskiet.

Volgens me. Jane Edge, woordvoerder van Change a Life Cycle, is die meeste van die deelnemers senior uitvoerende beamptes van Suid-Afrikaanse maatskappye. Die deelnemers moes elkeen minstens R20 000 borggeld ingesamel het en Computershare het elke rand wat ingesamel is, verdubbel. Die R4 miljoen sal gebruik word om slagoffers van misdaad by te staan.

"R350 000 daarvan gaan reeds aan die Children in the Wilderness-program, wat kwesbare kinders bemagtig," het Edge gesê. – **Herman Scholtz**